

God gee elke mens die verantwoordelikheid om 'n wilsbesluit te neem

Die duidelike boodskap van die Here deur sy profeet Jeremia in hierdie fokusgedeelte is dat elke mens individueel verantwoording oor sy/haar daad moet doen. Dit is die boodskap wat by wyse van beeldspraak oorgebring word (vs 30): "Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word." Dit was die gewoonte van die volk om die skuld vir hulle sonde op hulle voorgeslag te plaas. Hulle het geredeneer: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" (vs 29).

Hierdie manier van redeneer is so oud soos die mensdom. Dit het al in die paradys begin as deel van die sondeval. Eers het Adam aan die Here God gesê (Gen 3:12): "Die vrou wat U my gegee het ... het my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet." Eva verplaas ook die verantwoordelikheid weg van haarself as sy die Here God antwoord (vs 14): "Die slang het my mislei, en ek het geëet."

Die moraal van die verhaal is: Neem verantwoordelikheid vir jou daad. Jy kan jou miskien op omstandighede beroep en versagting pleit op grond van wat ander gedoen het, maar God gee aan elke mens die voorreg en verantwoordelikheid om 'n wilsbesluit te neem. In die eindoordeel kan ek nie aan die Here God sê dat dié en dié persoon en die omstandighede die skuld moet kry nie. Iemand anders kan nie namens my die skuld kry of namens my tot bekering kom nie. Dit is uiteindelik ek wat persoonlik voor God staan en moet antwoord. Niemand is egter volmaak nie. Daarom is God se genade so groot dat die Here Jesus Christus vir die sonde van die hele wêreld gesterf het.

Sing: Psalm 105:3

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)